

**12 September**

**Skrifgedeelte: Romeine 2:17-29**  
**Fokusgedeelte: Romeine 2:21, 22**

**Let op jou leer en lewe**

Paulus rig hom in hierdie hoofstuk spesifiek tot die Jode, om aan hulle te wys dat hulle aan dieselfde dinge as die heidene skuldig is. Die Jode kyk neer op die ander volke wat tot bekering gekom het. Hulle hou hulleself blind vir hulle eie foute. Die Jode maak in vers 19 aanspraak daarop dat hulle 'n leidsman vir die blindes is en tog noem Christus hulle in Matteus 23:16 en 24 *blinde leiers*.

In ons kernverse (vs 21-22) stel Paulus 'n aantal retoriese vrae aan die Jode. Hierdie vrae bring aan die lig dat daar werklik 'n groot verskil ontstaan tussen dit wat die Jode preek en dit wat hulle doen. Christus bring dieselfde punt na vore in Matteus 23:3 as Hy sê dat die Fariseërs en Skrifgeleerdes se woorde en daede nie ooreenstem nie. Daarom is die Jode geskok deur Paulus se prediking dat dit nie oor die uiterlike teken van die besnydenis gaan nie, maar oor die doen van die wil van God.

Daarom vind ons hierdie teenstelling van Paulus aan die Jode: Waar die Jode in hulle lewenswandel vir die heidene tot voorbeeld moes wees, is hulle deur hulle selfverheffing die oorsaak daarvan dat God se Naam onder die heidene gelaster word. Hulle moes dus deur hulle lewenswandel getuies wees vir God se Naam, maar hulle gesindheid verblind hulle só dat hulle getuies teen God se Naam word.

Hierdie Jode het dus daarop geroem dat hulle die waarheid en die kennis het, maar tog het hulle vergeet dat Christus se opstanding die beginsel van ons heiligmaking is. Deur Christus se opstanding uit die dood word ons in 'n regte verhouding met God geplaas (regverdigmaking), so word ons ook opgewek tot in 'n nuwe lewe waarin ons die sonde nalaat en God se wil doen (heiligmaking).

Inteendeel, dit is die Jode wat die Enigste Persoon wat volmaak gespieël kan word teen die Wet van God, toesnou met die woorde: Kruisig Hom, kruisig Hom!

Die implikasie wat dit in ons lewens het, moet ons dwing tot 'n diepe dankbaarheid teenoor God se genade dat dit Hy is wat deur sy Gees ons tot 'n ware sondebeseft bring en 'n nederigheid in ons harte laat voortleef aangaande die groot opdrag van ons Here Jesus Christus (Matt. 28:19) – *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

*Sing: Psalm 19:7 (1936)*

*Teologiese Student Frikkie van Rensburg*